Woordfees: *meer as 'n fees*

Die Woordfees is wyd bekend as 'n suksesvolle fees, maar min mense besef die omvang van al die ander projekte wat jaarliks deur die Woordfeeskantoor georganiseer word.

Die grootste hiervan is WOW – die "Woorde open Wêrelde"-projek wat die Afrikaanse letterkunde aan leerders uit voorheen benadeelde gemeenskappe bekendstel. Die Woordfees neem skrywers na die skole om leerders te vertel oor kreatiewe skryfwerk en hoe letterkunde hul lewens positief kan beïnvloed. Tydens hierdie skoolbesoeke word die Graad 12-leerders ingelig oor die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte en die moontlikhede om aan die Universiteit Stellenbosch te studeer.

Skrywers soos Abraham de Vries, Elias P. Nel, George Weideman, EKM Dido en Petra Müller is met geweldige entoesiasme ontvang by die skole wat aan die eerste rondte van hierdie projek deelgeneem het en die suksesstorie van dié besoeke het so versprei dat byna 60 skole in die Wes-Kaap reeds bevestig het dat hulle Woordfees-skoolbesoeke wil ontvang. Hierdie besoeke vind vroeg in volgende jaar plaas in aanloop tot die "Woorde open Wêrelde"-dag tydens die jaarlikse Woordfees. 600 leerders en 60 opvoeders word na Stellenbosch kampus gebring om deel te neem aan die gratis WOW-program – 'n dagprogram vol relevante werkswinkels, skrywersprogramme, drama, musiek en kampustoere.

Foto: Naomi Kranholdt

Brasse vannie Kaap

Die eerste LOTTO WOW-dag het vanjaar plaasgevind by Woordfees 2004 in samewerking met die Stigting vir Bemagting deur Afrikaans (SBA) en die US se Sentrum vir Voornemende Studente. Dit was 'n groot sukses en die leerders het tot laat saam met Pop Idol Poseletso en die Brasse vannie Kaap gekuier.

Die Woordfees se WOW-projek beteken baie vir hierdie leerders, soos Celeste Nel van die Sentrum vir Voornemende Studente dit stel: "*Ek dink die Woordfees was uiters geslaagd. Onderwysers het opvolgafsprake gemaak om by hulle skole te kom gesels. Ek het ook 'n briefie van 'n student van Scottsville gekry wat sê dat sy by die Woordfees die eerste keer die Universiteit gesien het en dat haar droom om hier te studeer nou binne haar bereik is.*"

• Vir meer inligting kontak Naomi Bruwer by tel 021 808 2901 of e-pos woord@sun.ac.za

Twee US publikasies wen Unitech toekennings

Twee van die Afdeling Bemarking en Kommunikasie se publikasies het toekennings gewen by die Unitech Excellence Awards-funksie vroeër vanjaar. Die twee eerste plekke was in die kategorie vir jaarverslae en vir eksterne publikasies.

Volgens Susan van der Merwe, Hoof: Bemarking en Kommunikasie, is dit belangrik dat 'n jaarverslag by die strategiese doelwitte van die Universiteit moet aansluit. Aangesien prof Chris Brink, Rektor en Visekanselier, verlede jaar in sy middel-jaartoespraak die Visiestelling 2012 bekend gestel het en die visiestelling daarna tot vyf hoofpunte verkort is, was dit die ideale geleentheid om die visiestelling die tema van die jaarverslag te maak. Uittreksels uit die middeljaartoespraak wat die visiestelling beklemtoon en aanvul, is as grafiese element in die verslag gebruik om die boodskap te versterk. In die Rektorsverslag 2003 is 'n dubbele fotoblad aan die nuushoogte-punte van die jaar afgestaan.

Die Universiteit se Voorgraadse Prospektus het die eerste prys vir eksterne publikasies gewen. Dit is selde dat 'n prospektus met hierdie prys wegloop, maar die koste-effektiwiteit waarmee die publikasie geproduseer is, die goedgemotiveerde doelwitte en die funksionele uitleg daarvan het alles saamgewerk om die deurslag te gee.

Willemien Klinger, Susan van der Merwe en Mattie van der Merwe

Willemien Klinger is die redakteur van die Rektorsverslag 2003 en Mattie van der Merwe die redakteur van die Voorgraadse Prospektus.

• *Unitech is die vereniging vir bemarkings-, kommunikasie- en fondswerwingspraktisyns van die verskillende tersiêre instansies in Suid-Afrika.*